



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2022

# VERBRUIKERSTUDIES

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae:

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. Al die vrae is VERPLIGTEND.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy mag ŉ sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.

1.1.1 Die afkoelperiode na ŉ direkte bemarkingsverkope waar die verkoper die kontrak kan kanselleer is binne … besigheidsdae.

A sewe
B veertien
C twee
D vyf (1)

1.1.2 Die agentskap wat verantwoordelik vir die kollektering en administrasie van die belastingstelsel is.

A SARS
B SABS
C SARB
D SABR (1)

1.1.3 Die koers waarteen die Reserwe Bank geld aan kommersiële banke leen ingeval van enige tekorte van fondse is die …

A rentekoers.
B inflasiekoers.
C repokoers.
D primakoers. (1)

1.1.4 Die volgende word as hernubare energiebronne beskou.

A Steenkool, hout en olie
B Water, wind en sonkrag
C Steenkool, wind en olie
D Water, hout en gas (1)

1.1.5 Sistoliese bloeddruk meet die druk in jou slagare wanneer die …

A hart tussen slae ontspan en met bloed vul.
B hart saamtrek en bloed na die res van die liggaam druk.
C hart ontspan en bloed na die res van die liggaam druk.
D hart saamtrek op die maatslag en met bloed vul. (1)

1.1.6 ŉ Tekort aan die volgende voedingstowwe in ŉ dieet kan bloedarmoede veroorsaak.

A Yster, jodium en vitamien B6
B Vitamien B12, foliensuur en kalsium
C Yster, vitamien B12 en foliensuur
D Jodium, vitamien B6 en proteïen (1)

1.1.7 ŉ Bymiddel wat waardevol is om te verseker dat verpakte voedsel hul konsekwentheid behou en toelaat dat die olie en water gemeng bly.

A Stabiliseerder
B Anti-oksidant
C Verdikker
D Emulsifiseerder (1)

1.1.8 Die sintetiese geel voedselkleursel wat allergiese reaksies by sommige mense kan veroorsaak.

A Tartrasien
B Borrie
C Karoteen
D Lesitien (1)

1.1.9 ŉ Algemene wanindruk oor voedselverwante siekte is dat …

A voedsel wat jou siek maak sal sleg ruik en smaak.
B skoon kombuise, nie net vuil kombuise nie, kan ŉ persoon siek maak.
C vars voedsel jou siek kan maak as dit nie behoorlik gehanteer is nie.
D jy kan siek word selfs wanneer die voedsel behoorlik gekook is. (1)

1.1.10 ŉ Hoofknelpunt met GM-voedsel op ŉ persoon se gesondheid.

A Beskadiging van die omgewing
B Bedreig gewas diversiteit
C Allergiese reaksies
D Weerstand teen onkruiddoders (1)

1.1.11 ŉ Eienskap van ŉ klassieke klerestyl.

A Trek gou mense se aandag
B ŉ Uiterse unieke ontwerp
C ŉ Vinnige groei in populariteit
D Aanvaarbaar vir verskeie jare (1)

1.1.12 Handelsmerkplagiaat is onwettig omdat …

A hulle deur handelaars verkoop word.
B hulle ingevoerde goedere is.
C goedere van ŉ swak kwaliteit is.
D dit op handelsnaamwette inbraak maak. (1)

1.1.13 Natuurlike vesels wat groei sonder die gebruik van plaagdoders, onkruid-doders of sintetiese bemestingstowwe staan as … vesels bekend.

A nie-organiese
B hernubaar
C organies
D natuurlike (1)

1.1.14 ŉ Koste gewoonlik betaalbaar voor die eiendom vir huur, beset word.

A Assuransie
B Deposito
C Maandelikse huur
D Onderhoudsfooie (1)

1.1.15 ŉ Voordeel om ŉ huis te bou.

A Jy kan die eienskappe van die huis kies
B Kan baie tyd in beslag neem as gevolg van vertragings
C Dit is koste-effektief aangesien die rente laer is
D Jy kan jou eie gordyne en bykomstighede kies (1)

1.1.16 Die term wat die volle eienaarskap van ŉ eiendom wat beide die gebou(e) en land waarop dit gebou is insluit, beskryf.

A Huur
B Voltitel
C Residensiële bewys
D Deeltitel (1)

1.1.17 ŉ Belangrike faktor om in ŉ besigheidsprysstrategie te oorweeg.

A Bly by een metode van prysbepaling
B Konsentreer op advertensietegnieke
C Wat jou teikenmark gewillig is om te betaal
D Baseer jou prys op die koste (1)

1.1.18 ŉ Proses waarby die produk gedurende die produksielyn geïnspekteer word om te verseker dat dit aan die standaarde voldoen en kliënte se vereistes bevredig.

A Gehaltebeheer
B Standardisering
C Produkspesifikasie
D Gehalteversekering (1)

1.1.19 ŉ Uitvoerbaarheidstudie word uitgevoer om … te bepaal.

A die totale inkomste wat die besigheid ontvang het
B die koste nadat die besigheid begin het
C die beweging van geld oor ŉ sekere periode
D die lewensvatbaarheid van die besigheid (1)

1.1.20 ŉ Besigheid se verkoopsdoelwit is om 1 000 eenhede per maand te verkoop en die gelykbreekpunt word bereik as 600 eenhede verkoop word. ŉ Beste verkoopscenario sal wees wanneer die besigheid …

A nie gelykbreekpunt bereik as 500 eenhede nie verkoop word nie.
B 1 000 eenhede verkoop en ŉ goeie wins maak.
C gelykbreekpunt bereik deur 600 eenhede te verkoop.
D 800 eenhede verkoop vir ŉ regverdige wins. (1)

**[20]**

1.2 Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die stadium in die modesiklus in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 I.

| **KOLOM A STADIUM IN DIE MODE-SIKLUS** | **KOLOM B BESKRYWING** |
|---|---|
| 1.2.1 Beginstadium | A die styl word finaal verwerp. |
| 1.2.2 Opgang | B ontwerpe is nie uniek nie, maar word in beperkte hoeveelhede geproduseer |
| 1.2.3 Hoogtepunt | C style word hergeproduseer en kos meer as ontwerpersklere |
| 1.2.4 Afname | D die styl verkry momentum omdat dit in groot hoeveelhede verkoop word |
| 1.2.5 Veroudering | E mense raak moeg vir die styl en begin na ŉ nuwe styl soek |
| | F die nuwe styl word teen hoër pryse geoffer en in klein hoeveelhede geproduseer |
| | G individue wie die eerste is om nuwe style te dra |
| | H is op die mees populêre en aanvaarde stadium |

(5 x 1) (5)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die beskrywings hieronder. Skryf slegs die woord(e)/term langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 ŉ Sagte, wasagtige stof wat deur die lewer geproduseer word

1.3.2 Wanneer rente slegs op die hoofbedrag bereken word

1.3.3 Die kredietransaksie waar die verkoper jou toelaat om die toestel onmiddellik huis toe te neem en dit maandeliks oor ŉ periode van tyd te betaal

1.3.4 Goedere wat die land op onwettige of ongemagtigde verspreidingskanale binnekom

1.3.5 ŉ Spaarfonds waar mense gereeld ŉ vaste bedrag in ŉ gemeenskaplike fonds stort en waaruit hulle ŉ som geld kan ontvang

1.3.6 Die versamelnaam wat aan eienaars van eenhede en gemeenskaplike eiendom in ŉ deeltitelskema gegee word (6 x 1) (6)

1.4 Identifiseer VIER redes uit die onderstaande lys wat deur voedselonsekerheid gedurende die Covid-19 pandemie in 2020 veroorsaak was. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Gemeenskapvoedingskemas was op die been gebring om bejaardes en kinders te help.

B Grendeltyd het tot ernstige ekonomiese ontwrigting en die verlies van mense se bestaan en inkomste bygedra.

C Die Solidariteitsfonds is op die been gebring om voedselverligting aan behoeftige families te verskaf.

D Suid-Afrika se progressie van lae ekonomiese groei en werkloosheid.

E Verskeie organisasies het voedselpakkies aan huishoudings afgelewer.

F Die hoeveelheid voedsel wat verbruik is, het afgeneem wat daartoe gelei het dat maaltye oorgeslaan is.

G Partykeer word daar, weens ŉ gebrek aan geld en hulpmiddels, die hele dag nie geëet nie.

H Oortollige voedsel van supermarkte is gereeld geskenk om voedselpakkies bymekaar te maak. (4)

1.5 Identifiseer die naam van die 'P' van die 5P's in die bemarkingsresepmengsel (-) wat in elk van die volgende sinne beskryf word. Skryf die naam langs die vraagnommers (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Justin oorweeg dit om ŉ vervoerdiens vir toeriste in sy stad te bedryf. Hy ontwikkel ŉ bemarkingsplan deur die 5 P's te gebruik. |

1.5.1 Die toeriste benodig ŉ maklike bereikbare toegangspunt, verkieslik waar ander vervoerstelsels vandaan vertrek.

1.5.2 Hy sal op ŉ Facebook-bladsy, ŉ Twitter-bladsy en op ŉ reisagentskap-webwerf adverteer.

1.5.3 Sy personeel moet vriendelik wees, daarvan hou om toeriste te ontvang en moet uitsonderlike kliëntediens bied.

1.5.4 Daar sal ŉ 10% afslag wees wanneer reisigers deur die reisagentskap na hom verwys word.

1.5.5 Die spysenieringsdiens word uurliks aan toeriste gelewer wat vir ŉ kort tydjie in die stad is.

(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Gee die naam van die belastingheffing vir die beskrywings hieronder:

2.1.1 Betaalbaar op die verkope van goedere en dienste (1)

2.1.2 Eienaars van wettige eiendom (land en geboue) (1)

2.2 Gee die volle name van die volgende afkortings:

2.2.1 VBW (2)

2.2.2 NKW (2)

2.3 Beskryf die term *direkte bemarking*. (3)

2.4 Differensieer tussen *garansie* en *waarborg* deur die volgende opskrifte te gebruik.

2.4.1 Die verkoper/maatskappy se belofte aangaande die produk wat gekoop is

2.4.2 Die uitkomste vir die verbruiker:

Tabuleer jou antwoord as volg.

| | ASPEK | GARANSIE | WAARBORG |
|---|---|---|---|
| 2.4.1 | Die verkoper/maatskappy se belofte aangaande die produk wat gekoop is. | (2) | (2) |
| 2.4.2 | Die uitkomste vir die verbruiker. | (1) | (1) |

(6)

2.5 Lees die e-pos hieronder wat Noxolo ontvang het en beantwoord die vrae wat volg.

> Liewe Wenner
>
> Geluk op jou sukses in ons kompetisie, “Een in ŉ miljoen”.
> Jou e-pos wat ewekansig geselekteer is, het ŉ prys gewen. Die prys word deur die Nasionale Lotery Maatskappy geborg.
> Voorsien die volgende besonderhede om die proses om jou prys vry te stel, te bewerkstellig.
>
> - Eerste, middel en laaste name
> - ID-nommer, bank en bankrekeningnommer
>
> Om jou prys te eis, vereis ons jou vertroulikheid aangaande jou prys. Jy word versoek om ŉ ‘prosesseringsfooi’ van ŉ R100 te betaal. Deponeer asseblief in Capitec Bank, taknommer 00501, rekeningnommer 45792113
>
> Weer eens, Geluk.
> Ronald Bekker
>
> **LET WEL:** Eis asseblief u prys binne een week, anders sal die prys na ongeeisde fondse teruggestuur word.
>
> [Eksaminator se eie teks]

2.5.1 Identifiseer die tipe bedrogspul. (1)

2.5.2 Identifiseer en verduidelik DRIE leidrade wat Noxolo moes opgemerk het dat hierdie e-pos ŉ bedrogspul is. (3 x 2) (6)

2.6 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Waterkwaliteit in Suid-Afrika is as gevolg van die toename in besoedeling aan die afneem. |

2.6.1 Lys enige DRIE oorsake van waterbesoedeling. (3)

2.6.2 Bespreek die verantwoordelikheid wat munisipaliteite het in verband met die voorsiening van water aan huishoudings. (3)

2.7 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HOE RUSLAND SE OORLOG IN OËKRAÏNE PRYSE IN SUID-AFRIKA OPSTOOT**

Rusland se inval op die Oëkraïne het sanksies versterk en pryse van goedere het die hoogte ingeskiet en dit sal Suid-Afrika se Verbruikersprys-indeks (VPI) nadelig beïnvloed, sê senior ekonoom by ABSA, CIB Peter Worthington. Die inval het direk gelei tot hoër olie en graanpryse, wat ŉ direkte toename in pryse van sleutelgoedere binne die VPI, soos brood en brandstof, tot gevolg gehad het.

[Bron: https://businesstech.co.za/news/finance/. Toegang op 15 Maart 2022 verkry.]

2.7.1 Verduidelik wat die *Verbruikersprys-indeks* is en hoe dit gemeet word. (2 + 2) (4)

2.7.2 Analiseer hoe Rusland se inval op Oekraïne inflasie affekteer en die impak wat dit op Suid-Afrikaanse verbruikers sal hê. (8)

**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Gee die naam van die voedselverwante siekte van die beskrywing hieronder sowel as die inkubasie-periode. (2)

| ŉ Hoogs aansteeklike lewer infeksie wat deur inenting voorkom kan word. |
|---|

3.2 Onderskei tussen die terme, *uitvoer* en *invoer*. (2)

3.3 3.3.1 Noem waarom hoë bloeddruk as ŉ 'stille moordenaar' bekend is. (1)

3.3.2 Lys DRIE risiko-faktore wat met die oorsake van hoë bloeddruk geassosieer word. (3)

3.4 Skryf ŉ paragraaf om die rol wat hemoglobien in die siekte anemie speel, te verduidelik. (4)

3.5 Beskryf hoe lae-digtheid lipo-proteïene ŉ hoofoorsaak van hartsiekte is. (5)

3.6 Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat volg.

> Suid-Afrika het geen wette en regulasies wat vereis dat wegneemete-restaurante enige vorm van voedingsinligting aan hul verbruikers verskaf. Die Suid-Afrikaanse regering moet regulasies instel wat vereis dat wegneem-etikette voedingstofinligting bevat. Dit sal ŉ effektiewe manier wees om verbruikers te help om ŉ ingeligte voedingsbesluit te neem.
>
> Navorsing toon dat in die afwesigheid van voedingsetikette, verbruikers die voedingsinhoud swak skat. Verbruikers word geforseer om op porsiegroottes staat te maak en op die persepsie dat sekere voedseltipes dieselfde nutriënte het.
>
> [Aangepas uit www news 24 com/health 24/diet-and-nutrition. Toegang op 16 Maart 2022 verkry.]

3.6.1 Identifiseer EEN rede in die eerste paragraaf gegee, waarom regulasies vir die etikettering van wegneemetes belangrik is. (1)

3.6.2 Verduidelik hoe die huidige voedingsetiketteringregulasies op voedselprodukte verseker dat die verbruikers ingeligte besluite kan neem wat onakkuraat is as gevolg van die afwesigheid van voedingsinligting op wegneemetes. (2)

3.7 Bestudeer die inligting hieronder vir ŉ McDonald's hoenderburger wat van die McDonaldwebwerf verkry is en beantwoord die vrae wat volg.

ŉ Heerlike **hoenderburger** met McChicken-sous, gekerfde blaarslaai en bedien op ŉ perfekte geroosterde broodrolletjie.
Allergene: graan, soja, eier

Alle McDonald's burgers word gemaak '**sonder kunsmatige preserveermiddels**, geen kunsmatige geurmiddels en geen kleursel van kunsmatige oorsprong'.

**McDonald's gebruik huidiglik geen MNG in produkte op hulle nasionale spyskaart nie.**

| McDonald's McChicken | | |
|---|---|---|
| **Voedingsfeite** | | |
| **Bedieningsgrootte 1 burger (170 g)** | | **Per 100 g** |
| **Energie** | **1 615 kJ** | **950 KJ** |
| **Proteïene** | **16,50 g** | **28,05 g** |
| **Koolhidrate** | **52,90 g** | **31,12 g** |
| Suiker | 6,20 g | 3,65 g |
| **Vette** | **14,60 g** | **8,59 g** |
| Versadigde vette | 3,3 g | 1,9 g |
| Poli-onversadigde vette | 3,7 g | 2,2 g |
| Transvette | 0 g | 0 g |
| Vesel | 2,6 g | 1,5 g |
| Cholesterol | 26,9 mg | 15,8 mg |
| Natrium | 804 mg | 473 mg |



[Bron: wwwfatscret.co.za/calonies-nutrition/mcdonalds/mcchicken/1-burger https://www.mcdonalds.co.za/menu/chicken-burger. Toegang op 21 Maart 2022 verkry.]

3.7.1 (a) Gee die funksie van MNG. (1)

(b) Bespreek die belangrikheid van die bewering dat MNG nie in McDonald's produkte gebruik word nie. (2)

3.7.2 (a) Identifiseer ŉ ander bewering wat deur McDonald's gemaak word. (1)

(b) Regverdig of die bewering misleidend is of nie. (2)

3.7.3 Die verbruik van kitskos het dikwels ŉ hoë nutriënt-inname vir energie, vet en sout tot gevolg.

Verduidelik waarom die bogenoemde stelling geldig is wanneer die voedingsfeite wat in die voedingstabel gegee word, ontleed word.

Kies enige TWEE nutriënte-inname van die stelling hierbo om in jou antwoord op te fokus. (2 x 2) (4)

3.8 Evalueer die onderstaande aandete spyskaart hieronder vir ŉ persoon wat aan hartsiekte en hoë bloeddruk ly.

| SPYSKAART | BESKRYWING |
|---|---|
| Voorgereg<br>Gebraaide sampioene met roomsous bedien | Sampioene gedoop in ŉ beslag gemaak van meel, geurmiddel, water en dan in broodkrummels gedoop.<br>Sous is van suurroom, volroom, mayonnaise en geurmiddels gemaak. |
| Hoofmaaltyd<br>Salmkoekies<br>Groenslaai | Geblikte salm in water gemeng met kapok-aartappels, kruie en speserye en eier en dan liggies in canola-olie gebraai.<br>Slaai bestanddele: baba spinasie, komkommer, avokado-peer, groen appel. |
| Nagereg<br>Piesangroomys | ŉ Vla-basis gemaak van eier, melk, room en suiker wat met piesang gemeng is. |
| Swart koffie | Koffie-granules (-korrels) en water. |

(10)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Gepofte moue was ŉ tendens in 2021. Die gepofte moue is nog steeds ŉ styl in die mode van 2022. Dit val in lyn met al die ander neigings van die '80's-ge-inspireerde uitrustings'.
>
> Die pofskouervoorkoms is niks nuut nie. Dit was gereeld in ontwerpersuitrustings vanaf lente 2018 gesien, en het sedertdien slegs gegroei in populariteit. Die mees ekstreme weergawes van die tipe moue sal heelwaarskynlik teen volgende jaar verdwyn.
>
> [Aangepas uit https://shesewshappiness.com/puff-sleeves-historys-biggest-trend/. Toegang op 21 Maart verkry.]

| 1980 | 2018 | 2022 |
|---|---|---|
|  |  |  |

[Bron: Google images]

4.1.1 Definieer die onderstaande terme wat in die teks gebruik is.

(a) Styl (1)

(b) Mode (2)

4.1.2 Die teks dui aan dat die pofmou tendens deur ŉ styl wat in die 80's gedra is, geinspireer is.

(a) Gee die naam van die tipe mode. (1)

(b) Meld TWEE eienskappe van die tipe mode. (2)

4.1.3 Identifiseer die tipe neiging wat die pofmou verteenwoordig en regverdig jou antwoord. (3)

4.2 Verduidelik waarom hennep, as ŉ voorbeeld van ŉ nie-organiese vesel, nog steeds as ŉ volhoubare vesel geklassifiseer kan word. (5)

4.3 Skep ŉ uitrusting vir ŉ aangesig-tot-aangesig besigheidsvergadering en motiveer jou keuse vir elke item. Bykomend, motiveer ook die geskiktheid van jou uitrusting as ŉ geheel.

Kies EEN item van elk van die eerste drie rye en ŉ minimum van TWEE items uit die vierde ry.

| **KLEDING-ITEMS** | |
|---|---|
|  | Wit langmou-hemp<br>Swart gebreide polonek (rolkraag)<br>Swart en wit geruite bloes |
|  | Jeans<br>Swart rok<br>Swart broek<br>Swart romp |
|  | Swart baadjie<br>Bruin jas<br>Grys gebreide trui |
|  | Skoene – alles swart<br>Handsak – swart<br>Serp – beige<br>Horlosie – silwer<br>Paar brille – silwer raam |

[Bron: Google images] (6)
**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Noem die huis opsie waar ŉ okkupasie-sertifikaat geteken word. (1)

5.2 Gee die afkorting vir die Nasionale Huisbouers Registrasieraad. (1)

5.3 Definieer die term *huurkontrak*. (2)

5.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die populariteit van geslote gemeenskappe – veral landgoedere – het redelik toegeneem in Suid-Afrika, danksy die sekuriteit wat hulle aan huiseienaars bied. Die skuif in aanvraag het ook ŉ dringende behoefte vir kopers om die hoofverskille tussen die koop van ŉ huis in ŉ gewone woonbuurt en die koop van ŉ huis in ŉ toegangsbeheerde landgoed blootgelê met die klem op behuising waar ŉ maandelikse heffing vereis word.
>
> [Bron: https://businesstech.co.za/news/property/569942/ Toegang op 26 Maart 2022 verkry.]

5.4.1 Gee TWEE redes om te motiveer dat die uittreksel na ŉ huiseienaar wat ŉ deeltitel koop verwys. (2)

5.4.2 Lys TWEE voordele van deeltitelhuiseienaarskap wat nie van toepassing is op ŉ voltitelhuiseienaarskap nie. (2)

5.4.3 Bespreek TWEE voordele en TWEE nadele om maandeliks ŉ heffing te betaal.

Tabuleer jou antwoord soos volg:

| VOORDELE | NADELE |
|---|---|
| (2) | (2) |

(4)

5.5

> Voor-laaier wasmasjiene gebruik gewoonlik minder water en energie.
> Bo-laaier wasmasjiene is geskik vir mense wat ŉ masjien wil hê waar dit nie nodig is om te buk om die wasmasjien te laai nie.
>
> [Bron: https://www.ariel.in/en-in/washing-machine-101/your-guide-to-washing-machines/. Toegang op 21 Maart 2022 verkry.]

Bespreek die impak van nie-menslike- en menslike energie voorbeelde in die stelling hierbo. (2 x 2) (4)

5.6 Bestudeer die prente en inligting gegee vir die TWEE tipes wasmasjiene en beantwoord die vraag wat volg.

| **VOORLAAIER** | **BO-LAAIER** |
| --- | --- |
|  |  |
| **Prys R6 999,00** | **Prys R5 999,00** |

| **KENMERKE** | **VOORLAAIER** | **BO-LAAIER** |
| --- | --- | --- |
| Waskapasiteit | 7 kg | 13 kg |
| Afmetings (W x H x D) | 595 x 850 x 440 mm | 610 x 1 075 x 675 mm |
| Waarborg | 3 jaar | 2 jaar |
| Energieverbruik | A++ | A+ |

[Bron: https://www.bargainsonline.co.za/ https://www.expertstores.co.za/. Toegang op 21 Maart 2022 verkry.]

5.6.1 Interpreteer die gegewe inligting om jou te help om ŉ gesin raad te gee oor die volgende faktore wat hulle moet oorweeg wanneer hulle ŉ wasmasjien koop. Moenie die inligting net so oorskryf nie, maar gebruik dit as ŉ gids vir jou antwoord.

(a) Die behoefte van die gesin (2)

(b) Die begroting (2)

**[20]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Fezile maak en verkoop koffie van ŉ klein spasie wat tussen ŉ kantoorblok en ŉ ontspanningssportveld geleë is. Hy het die besigheid gekies omdat koffie enige tyd van die dag deur kliënte gekoop word. Sy ligging stel hom aan ŉ groot volume kliënte bloot.
Fezile het besluit om koue broukoffie in plaas van yskoffie te verkoop, want hy het ŉ smaaktoetsopname van beide produkte in die gemeenskap gemaak en die meeste mense het die geur van die koue broukoffie verkies.
Hy het ŉ koffiemeul in ŉ kompetisie gewen en sy oom het vir hom ŉ tweedehandse yskas gegee. Die oorblywende apparaat wat hy benodig het moes hy met sy spaargeld aangekoop het. Hy het ook ŉ verskaffer van Asiatiese koffiebone en fonteinwater gekry. Dit het hom verseker van ŉ kwaliteitproduk met ŉ superior smaak.
Fezile se produksielyn vir sy koue broukoffie-besigheid bestaan uit die volgende fases:

Maal die koffiebone
↓
Voeg water by en roer deeglik
↓
Plaas in die yskas en laat dit brou vir 12 ure
↓
Sif die koffie en laat dit ŉ uur staan.
↓
Verkoel in yskas
↓
Verpak vir verkope

Hy voorsien werk aan twee ander persone van die gemeenskap. Die plan is om 100 koppies koffie per dag te produseer.

[Eksaminator se eie teks]

★Koue broukoffie is ŉ koffie wat koud gebrou word en ŉ gladder smaak het. Die olies word nie van die koffiebone verwyder nie aangesien daar geen warm water is nie. Yskoffie word warm gebrou en oor ys bedien. Die warm water trek die olie uit die bone en daarom is die suurgehalte hoër.★

6.1.1 Gee EEN rede waarom Fezile verkies om koffie te verkoop. (1)

6.1.2 Kies ŉ sin wat ŉ voordeel van die keuse van die ligging van sy besigheidsperseel aandui. (1)

6.1.3 Gee die naam van die plan wat die tydraam en die take wat voltooi moet word, aandui, sodat die doel van 100 koppies koffie per dag bereik kan word. (1)

6.1.4 Stel TWEE vrae voor wat hy vir sy teikengroep kon vra, behalwe die keuse van die koffie, vir waardevolle terugvoering wanneer hy sy besigheidsidee navors. (2)

6.1.5 Verduidelik hoe die verskaffing van die koffiemeul en die yskas in hierdie scenario vir Fezile gehelp het. (3)

6.1.6 Identifiseer en bespreek DRIE faktore wat Fezile se keuse om koffie te verkoop, geaffekteer het. (6)

6.1.7 Daar is baie areas in die produksielyn wat aandag vereis om kwaliteit produkte te produseer. Identifiseer aan watter vereiste vir ’n kwaliteit produk, voldoen word, in die beskrywings hieronder.

(a) Wanneer die koffie bedien word, onthou kliënte koop met hulle oë, daarom kies ’n houer wat beide geskik en aantreklik is.
(b) Fezile het Asiatiese koffiebone gemaal en fonteinwater bygevoeg vir sy resep. (2)

6.1.8 Bespreek die rol wat berging en die effektiewe bergingsprosedures op die kwaliteit gedurende die produksie van die koffie, het. (6)

6.1.9 “Produseerders en verbruikers kan beide verantwoordelikheid vir volhoubare produksie en verbruik aanvaar.”
Analiseer die geskiktheid van die verpakking hieronder wat Fezile gebruik het om die koffie te bedien en beskryf die impak wat Fezile en sy kliënte op die omgewing het, met die bogenoemde stelling in gedagte.


Papierglas papierstrooitjie


Glas masonfles metaalstrooitjie


Plastiekglas plastiekstrooitjie

(10)

6.1.10 Fezile se beste verkope scenario is om 100 koppies koffie per dag te verkoop.

(a) Bereken sy inkomste vir die dag as hy 100 koppies koffie teen R17,00 per koppie verkoop. (1)

(b) Bereken die produksiekoste van 100 koppies koffie as een koppie R10,20 kos om te maak. (1)

(c) Op ’n spesifieke dag verkoop Fezile 50 koppies koffie. Bereken hoeveel minder wins hy op hierdie dag sal maak in vergelyking met die wins wat hy op sy beste dag gemaak het. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**